kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 188

O God, so ryk en goed,
gee ons solank ons lewe
altyd 'n blye hart;
as dit u wil is: vrede.
Laat u genade ons
beveilig teen gevaar,
in donker ure ons
van struikeling bewaar.

Lof, eer sing ons voor God,
die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees,
almagtig en verhewe.
Drie-enig God, ons roem
u krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem:
ons God in ewigheid!

Woorddiens

Tema: 'n Gedig vir God, watter woorde sal ons gebruik?

Skriflesing: Psalm 145

Broodjies vir die pad

"A human being is a part of the whole called by us universe, a part limited in time and space. He experiences himself, his thoughts and feeling as something separated from the rest, a kind of optical delusion of his consciousness. This delusion is a kind of prison for us, restricting us to our personal desires and to affection for a few persons nearest to us. Our task must be to free ourselves from this prison by widening our circle of compassion to embrace all living creatures and the whole of nature in its beauty."
— Albert Einstein

"The paradox of our time in history is that we have taller buildings but shorter tempers, wider Freeways, but narrower viewpoints. We spend more, but have less, we buy more, but enjoy less. We have bigger houses and smaller families, more conveniences, but less time. We have more degrees but less sense, more knowledge, but less judgment, more experts, yet more problems, more medicine, but less wellness.

We drink too much, smoke too much, spend too recklessly, laugh too little, drive too fast, get too angry, stay up too late, get up too tired, read too little, watch TV too much, and pray too seldom. We have multiplied our possessions, but reduced our values. We talk too much, love too seldom, and hate too often.

We've learned how to make a living, but not a life. We've added years to life not life to years. We've been all the way to the moon and back, but have trouble crossing the street to meet a new neighbor. We conquered outer space but not inner space. We've done larger things, but not better things.

We've cleaned up the air, but polluted the soul. We've conquered the atom, but not our prejudice. We write more, but learn less. We plan more, but accomplish less. We've learned to rush, but not to wait. We build more computers to hold more information, to produce more copies than ever, but we communicate less and less.

These are the times of fast foods and slow digestion, big men and small character, steep profits and shallow relationships.

These are the days of two incomes but more divorce, fancier houses, but broken homes. These are days of quick trips, disposable diapers, throwaway morality, one night stands, overweight bodies, and pills that do everything from cheer, to quiet, to kill. It is a time when there is much in the showroom window and nothing in the stockroom. A time when technology can bring this letter to you, and a time when you can choose either to share this insight, or to just hit delete...

Remember, to spend some time with your loved ones, because they are not going to be around forever. Remember, say a kind word to someone who looks up to you in awe, because that little person soon will grow up and leave your side.

Remember, to give a warm hug to the one next to you, because that is the only treasure you can give with your heart and it doesn't cost a cent.

Remember, to say, "I love you" to your partner and your loved ones, but most of all mean it. A kiss and an embrace will mend hurt when it comes from deep inside of you.

Remember to hold hands and cherish the moment for someday that person might not be there again. Give time to love, give time to speak! And give time to share the precious thoughts in your mind."
— Bob Moorehead, Words Aptly Spoken

Oorlewingstryd ruk aan die hart

Herschelle Benjamin

Life and Nothing More
Drama
****

Die stryd om oorlewing is geen popspeletjie nie. In die Amerikaanse rolprent *Life and Nothing More* is dit die mensgemaakte euwels wat die kyker tot in die murg ontstel.

Life and Nothing More, hou jou vasgenael en betrokke by die lot van ’n enkellopende moeder met haar twee kinders. Regina (Regina Williams) bieg dat haar lewe net bestaan uit haar werk en haar kinders. Wanneer sy nie werk nie, werk sy steeds vir die oorlewing van haar gesin.

Haar seun, Andrew (Andrew Bleechington), sukkel om sonder ’n pa groot te word, en om ’n jong swart man in Amerika te wees.

Die fliek speel af net voor en ná die presidentsverkiesing in Amerika waar Donald Trump as 45ste president aangewys is. Sy naam word net eenkeer genoem.

Dit dra by tot die Spaanse regisseur Antonio Méndez Esparza se treffende gebruik van vervreemding wat sy karakters ervaar en wat die kyker namens hulle ervaar.

Daar is geen kunsmatige klank nie, en tonele word gesny net voordat die kyker betrokke wil raak. Die spel berus op min dialoog en die karakters word in weerlose oomblikke vasgevang.

Daar verloop baie tyd voordat die kyker deel van die storie kan word. Die storie slaan jou eers in die tweede helfte van die fliek. Die ma se uitmergelende stryd om kop bo water te hou en om ’n 14-jarige swart seun in Amerika groot te maak, vang jou vas. Die stryd om oorlewing lê ook op ’n ander vlak, wat nie so vanselfsprekend is nie.

Wanneer Andrew, ná ’n uitval met sy ma en haar nuwe kêrel, wegloop en in ’n park in ’n ryk wit woongebied gaan sit, konfronteer ’n wit man hom en sê dat hy nie daar hoort nie.

Sonder dat Andrew reageer, raak die man en sy swanger vrou angstig en dreig om die polisie te bel.

Andrew beland in die tronk waar hy verhoor afwag vir sy “oortreding” omdat hy ’n mes uitgehaal het nadat die man hom herhaaldelik aggressief verbied het op die perseel waar sy kinders speel.

Die fliek noop die kyker om weer te besin oor bestaansreg, identiteitspolitiek en rassespanning. Daarby kyk dit na almal se mees primitiewe instink: oorlewing.

Life and Nothing More, vra op ’n eerlike manier kritiese vrae. Dit is ’n gehalteprent van ’n opwindende regisseur en onbekende akteurs. As jy van die Oscar-bekroonde Moonlight (2016) gehou het, sal jy dié fliek waardeer.

* Tydsduur: 114 minute. Ouderdomsperk: 13OL

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/oorlewingstryd-ruk-aan-die-hart-20180719

Brood vir die pad

Súlke lewens kan help om ’n hoër hoop te behou

Hoe moet ons die lewens van merkwaardige mense herdenk? Hoe eer ons hul nalatenskap? In godsdienstige tradisies kom dit dikwels ter sprake ten opsigte van diegene wat op grond van hulle geestelike en morele gesag as “heiliges” beskou word. Daar is dan ook dikwels spesiale feesdae waarop hul lewens gevier word.

Ons herdenk verder gereeld die lewens van uitsonderlike politici, denkers, kunstenaars, ensomeer, dikwels ’n eeu of halfeeu ná hul geboorte- of sterfjaar. Dit is byvoorbeeld vanjaar 50 jaar ná die dood van invloedryke openbare teologiese figure soos Martin Luther King en Karl Barth, en 100 jaar ná die geboorte van die bekroonde Sweedse rolprentregisseur Ingmar Bergman.

En natuurlik gedenk ons in Suid-Afrika vanjaar politieke ikone soos Albertina Sisulu en Nelson Mandela se geboorte 100 jaar gelede.

Sulke herdenkings bied die geleentheid tot gesprekke (dikwels is dit ’n emosionele argument) wat nie net gaan oor die persoon wat ons herdenk nie, maar dalk by uitstek oor wie ons – wat die persoon onthou (of wil vergeet) – is of wil wees.

In 1874 verskyn Friedrich Nietzsche se opstel “Oor die voordeel en nadeel van die geskiedenis vir die lewe”, waarin hy onder meer verwys na ’n aantal moontlike benaderings tot die geskiedenis.

Een daarvan noem hy monumentale geskiedenis. Oorvereenvoudig kan ’n mens sê dié benadering fokus op die verhale van groot figure en helde se buitengewone lewens en dade.

Só ’n vorm van geskiedenis neem dikwels epiese afmetings aan wat inspirerend op mense kan inwerk (ten goede of ten slegte). Die skadukant is dat historiese akkuraatheid maklik ten koste van hagiografie ingeboet kan word. Dit bou by wyse van spreke monumente wat ons van die verlede vervreem, omdat dit historiese figure bo die veelkantigheid van die lewe laat swewe.

Met die herdenking van lewens is daar inderdaad die gevaar dat só ’n monumentale benadering kan oorheers. Daarteen moet ons waak.

Maar dalk kan ’n sekere manier van onthou ons help om te midde van ons sinisme en apatie weens swaarkry, seer en ongeregtigheid tog ’n hoër hoop op nuwe lewe te behou.

Iets hiervan weerklink in die bekende versreëls uit die Ierse digter Seamus Heaney se “The Cure of Troy”: “History says, don’t hope / On this side of the grave. / But then, once in a lifetime / The longed-for tidal wave / Of justice can rise up / And hope and history rhyme.” – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/sulke-lewens-kan-help-om-n-hoer-hoop-te-behou-20180720

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877